



“Die Engel van die Here beskerm die mense wat die Here dien en Hy red hulle. Julle moet self voel en sien dat die Here goed is. Dit gaan goed met die mens wat vra dat die Here hom moet beskerm. Julle wat aan die Here behoort, julle moet die Here dien, want die mense wat Hom dien, het altyd genoeg van alles.”

Psalm 34:7-9 (Die Bybel vir Almal)



GEBEDSKALENDER

DESEMBER 2020

1 | CHINA Bid vir Christene wat dié jaar Kersfees in klein groepe in huise gaan deurbring, eerder as groot byeenkomste. Bid dat die beperkings en regeringsbeheer sal wegkwyn in vergelyking met die vreugdevolle viering van Koning Jesus se geboorte.

2 | SENTRAAL-ASIË Die Kerk in Sentraal-Asië deel baie Kersgeskenke uit, veral vir kinders, bejaardes en gestremde persone. Bid dat dié geskenke die Kerk sal help om God se liefde aan hierdie mense te bewys.

3 | INDIË Christene in Indië ervaar verskeie uitdagings namate vervolging toeneem, met verskeie voorvalle wat plaasvind gedurende die Kerseisoen. Bid vir beskerming vir ons broers en susters en dat hulle Kersfees vreesloos sal kan vier.

4 | SUIDELIKE FILIPPYNE Kerke en sendelinge gebruik die Kerstyd om die Evangelie met Moslems te deel. Hulle ervaar egter soms uitdagings wat hulle ontmoedig en alleen laat voel. Bid dat die Here sal aanhou om hulle getrou te versterk om ander vir Sy koninkryk te bereik.

5 | INDONESIAË In plekke soos Aceh, Wes-Sumatra en Wes-Java, is Kerke gedurende die Kerkseisoen in gevaar vir moontlike bomaanvalle. Bid vir vreedsame Kersfeesvieringe en dat God saam met Christene sal wees wat deur hul families ontferf is.

6 | BANGLADESJ Bid dat dit vir alle Christene in Bangladesj dié jaar moontlik sal wees om Kersfees te vier sonder enige voorvalle. Bid dat hierdie Kersfeesviering boodskappe van hoop aan nie-gelowiges sal bring sodat hulle Christus kan leer ken.

7 | BROENEI Daar is h' wet teen die openbare viering van Kersfees. Christene mag dit egter op kerkerreine en in hul huise vier. Bid vir wysheid, dapperheid en geleentehede vir Christene om die Evangelie met ander te deel gedurende dié seisoen, afgesien van hul beperkings.

8 | KAMEROEN Baie mense se lewens is deur die geweld van Boko Haram ontwig, met talle Christengemeenskappe wat geteiken is. Bid vir vrede terwyl hulle Kersfees vier en dat hulle opnuut herinner sal word aan die hoop wat ons in Christus het.

9 | HORING VAN AFRIKA Talle Gelowiges vanuit h' Moslemagtergrond sal Kersfees in die geheim vier, baie vir die eerste keer ooit. Bid dat die Here hulle geloof sal vernuwe, hul liefde sal verdiep en hul hoop sal versterk wanneer hulle nadink oor hul verlossing.

10 | ISRAEL Die viering van Jesus Christus se geboorte kan waarskynlik as die hoogtepunt van die jaar beskou word in Bethlehem. Verskeie geleentehede word gereël om die Goeie Nuus te deel. Bid vir wysheid terwyl hulle hierdie seisoen vier gedurende h' pandemie.

11 | MALEISIË Gedurende die Kersseisoen kan geheime gelowiges wat saam met hul Moslem-families bly, nie hierdie dag herdenk nie. Bid dat hulle in dié tyd steeds die vreugde van gee met ander kan deel.

12 | MALEDIVE As h' land wat spog dat hulle 99,9% Moslem is, is daar geen Kersfeesvieringe nie, met die algemene publiek wat nie eers weet waaroor Kersfees gaan nie. Bid vir die Evangelie om die harte van Maledivers te vul.

13 | NIGERIË Dit is nóg h' Kersfees wat die Chibok-meisies, Leah Sharibu en honderde ander vroue wat deur Boko Haram ontvoer is, in aanhouding deurbring. Bid vurig dat die Gees van God hierdie vroue se geloof sal vernuwe.



14 | TUNISIË Bid dat Tunisiese Christene hierdie Kerstyd sal aanhou om in die Gees te bid, sodat hul harte en gedagtes helder sal bly. Bid asseblief dat hulle nie geïntimideerd en bang sal wees terwyl hulle die regte ding doen nie.

15 | IRAN Kersfees kan 'n gevaarlike tyd wees vir Iraniese gelowiges. Daar is in die verlede klopjagte op huiskerke uitgevoer gedurende hierdie tyd. Bid dat God ons broers en susters sal beskerm wanneer hulle die geboorte van Jesus Christus herdenk.

16 | SRI LANKA Weens Boeddhistiese ekstremisme, is die viering van Kersfees altyd 'n stryd vir gelowiges in Sri Lanka. Bid vir hulle vir wysheid oor hoe om hierdie seisoen te vier en dat vrede in hierdie tyd sal seëvier.

17 | ERITREA Verskeie Christene wat aan "onerkende godsdiensgroepe" behoort wat hierdie jaar gevange geneem is, sal Kersfees in die tronk deurbring. Bid dat die Heilige Gees hulle sal bedien en hul krag sal versterk.

18 | IRAK Oor die afgelope paar jaar het talle Christene wat in 2014 deur die Islamitiese Staat ontwortel is, teruggekeer na hul dorpe. Bid dat Kersfeesvieringe in hul huise en kerke 'n groot bemoediging sal wees.

19 | SIRIË Bid dat Kerstyd 'n geseënde tyd sal wees, gevul met warmte en openbarings van die ware betekenis van God se liefde. Bid ook dat die Kerk voortdurend 'n lig in die donker sal wees, veral gedurende die Kersseisoen.

20 | COLOMBIË In Colombië fokus Christenfamilies eerder op die tradisie van familie as die geboorte van Christus, omdat dit as verkeerd beskou word

COLOMBIË vervolg

om 'n Christen te wees, en diegene wat Christene is staar vervolging in die gesig. Bid dat God familiebande in hierdie tyd sal versterk.

21 | SOEDAN Die voormalige waarnemende regering van Soedan het vir die eerste keer sedert 2011 Kersfees as publieke vakansiedag erken. Bid dat Christene hierdie seisoen in veiligheid kan vier sonder 'n nadraai van ekstremiste.

22 | INDONESIAË Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond vind dit moeilik om Kersfees op hul eie te vier – veral diegene wat deur hul families en bure verwerp is. Bid dat God hulle sal lei hoe om hierdie tyd te herdenk.



23 | WÊRELDWYD Baie mense sal hierdie Kersfees sonder hul geliefdes deurbring weens die pandemie of omdat hul geliefdes gesterf het. Bid dat God diegene sal vertroos wat verwyderd is van hul families en treur oor hul verlies aan geliefdes hierdie Kersfees.

24 | NOORD-KOREA Mense vier op Kersaand die verjaardag van wyle Kim Jung-Sook (die ouma van Kim Jon-Un). Bid dat gelowiges vreugdevol sal wees as hulle Kersfees in die geheim vier, en dat hulle God se antwoord op hul gebede sal ervaar.

25 | CHRISTENE WÊRELDWYD Talle Christene regoor die wêreld herdenk op hierdie dag Jesus Christus se geboorte. Baie ongelowiges neem deel aan dié dag deur dit saam met geliefdes deur te bring. Bid dat Jesus se liefde vandag deur Sy kinders regoor die wêreld sal skyn, en dat ander na hierdie liefde aangetrek sal word.



26 | ARABIESE SKIEREILAND In die Arabiese Skiereiland is vrees die hindernis vir die Kerk om te groei. Mense vrees vir wat met hulle kan gebeur as hulle Christus begin volg, en dat ander Christene hul vertroue kan skaad. Bid dat hierdie gebondenheid tot vrees verbreek sal word.

27 | MALEISIË Plaaslike vennote van Geopende Deure het die afgelope paar maande aanlynopleiding aangebied wat plaaslike leiers toegerus het om hul eie opleiding in hul gemeenskappe aan te bied. Bid dat hierdie opleiding h seëning sal wees vir elkeen wat dit bywoon.

28 | BROENEI Elora*, 'n jong gelowige in haar 20's, sê: "My hart klop vinniger as dit kom by Broenei. Daar is h dringendheid wat ek nie kan beskryf nie. Bid vir die mense van Broenei se verlossing. Bid vir die sultan, die regering en die owerhede."

29 | SUIDELIKE FILIPPYNE Geopende Deure bied opleiding aan vir vroue wat matte en ander huishoudelike produkte weef vir h inkomste. In die opleiding leer hulle meer tegnieke en kreatiewe maniere van weef. Bid dat die vroue die tegnieke maklik sal aanleer tydens opleiding.

30 | SRI LANKA Baie gelowiges in stedelike gebiede is onbewus van die vervolging wat hul broers en susters in die landelike dele van die land ervaar. Bid dat h bewusmakingsinisiatief van Geopende Deure hulle sal aanmoedig om vir hulle te bid en hulle vervolgte familie te ondersteun.

31 | BURUNDI Burundi het hierdie jaar vir president Evarista Ndayishimiye (52) ingehuldig, nadat president Piere Nkurunziza onverwags dood is. Bid dat die nuwe leiers daaraan herinner sal word dat hulle hul outoriteit van God af ontvang het, en aan wie hulle verantwoording moet doen.



JANUARIE 2021

1 | COLOMBIË Weens die pandemie, beperk inheemse gemeenskappe toegang tot hul gemeenskappe, en in sommige gevalle versper hulle die paaie wat na hul eiendom lei. Dié aksie verhoed sendelinge om uit te reik na Christene en om hulp te verleen. Bid vir hulle vir wysheid oor hoe om hierdie Christene te bemoedig.

2 | MEXIKO Pastoor Genaro en sy familie woon in die Guerrero-bergreeks. Dié streek is een van die gevaarlikste plekke in die land weens die dwelmandel-besigheid. Bid vir beskerming vir Genaro en sy familie terwyl hulle Christus in hierdie streek dien.

3 | MIANMAR Die ondersteuning en bystand wat deur Geopende Deure aan studente gebied word, sal hulle help om geskool te word buite die Boeddhistiese kloosterskole. Bid vir wysheid vir die

MIANMAR vervolg

studente terwyl hulle hul studies voltooi.

4 | INDIË Reeta, wie se man, Ashok Singh, deur Naxaliete doodgemaak is vir sy Christelike geloof, het besluit om met hul vier klein kindertjies in hul dorp aan te bly om haar man se bediening voort te sit en om die kerk te lei. Bid vir God se beskerming oor Reeta en haar kinders.

5 | NEPAL Baie mense sukkel met hul geestesgesondheid, en sommige mense het selfs selfmoord gepleeg tydens die pandemie. Bid dat die mense se harte vertroos sal word deur God se blywende vrede en die krag om hul vrese te oorkom.

6 | SENTRAAL-ASIË Te danke aan jou ondersteuning en gebede, ondersteun Geopende Deure verskeie projekte in Sentraal-Asië om digitale, Christelike hulpbronne te voorsien aan gelowiges en dié wat soekend is. Bid vir beskerming oor hierdie bediening en die mense wat daarna omsien.



7 | NOORD-KOREA Bid dat die verafgoding van die Kim-familie sal ophou in Noord-Korea en dat slegs die Naam van Jesus Christus in dié land verhef sal word. Bid ook dat God diegene sal beskerm wat in Hom glo in hierdie land.

8 | CHINA Prys God dat Gelowiges vanuit h Boeddhistiese agtergrond, wat h etniese dialek gebruik, uiteindelik die Woord van God in hul moedertaal sal hê! Bid dat hul lewens verander sal word deur die Woord en dat dit talle tot geloof in Christus sal bring.

9 | VIËTNAM Terwyl Chien* en sy familie in h ander dorp Bybelstudie aangebied het, het mense in sy tuisdorp sy eiendom aan die brand gesteeek. Bid dat God hom en sy familie van h nuwe tuiste, klere en kos sal voorsien.

10 | LAOS Toe Vilay* en haar dogters

LAOS vervolg

Christene geword het, het haar man verskeie kere gedreig om haar te los. Hy het uiteindelik h seremonie gehou waartydens hy openlik van haar geskei het. Bid dat Vilay en haar dogters sal aanhou om hul toevlug by die Here te vind en dat Hy hul gebroke harte sal heelmaak.

11 | IRAN Dit is onwettig vir Christene om die Evangelie met Moslems te deel. Tog wil baie gelowiges dit met hul families en vriende deel. Bid dat die Here hulle sal lei na diegene wat reg is om die Evangelie te ontvang.

12 | BANGLADES Verskeie projekte en aktiwiteite wat Geopende Deure beplan het, is weens die pandemie ingeperk. Bid vir die werkers en vennote terwyl hulle soek na die beste manier om te werk en te beplan te midde van die krisis.

13 | WÊRELDWAARNEMINGSLYS-VRYSTELLING Geopende Deure stel vandag die 2021 Wêreldwaarnemingslys vry, wat die 50 lande lys waar Christene die ergste vervolg word. Bid dat die vrystelling van dié lys meer mense regoor die wêreld se oë sal oopmaak vir dit wat Christene verduur, asook vir wysheid oor hoe om Christene in dié lande te ondersteun.

14 | INDONESIË Geopende Deure-vennote het h regstreekse geselsprogram op Facebook begin, genaamd "Safari Rohani" (Geestelike Safari). Hulle bespreek aktuele onderwerpe en hoe Bybelse beginsels in hierdie situasies toegepas word. Bid dat die gehoor sal baat vind by die inligting wat hulle ontvang.

15 | BROENEI Die Broenei-Maura-Distrik het verlede jaar, oor die verloop van h paar maande, die hoogste aantal omskakelings na Islam aangeteken, en die syfers bly toeneem. Bid dat God deur Sy kinders in dié land sal werk om in wysheid uit te reik na ander.

16 | SRI LANKA Die meeste skole in plattelandse gebiede het nie Christelike onderwysers nie, wat beteken dat Christen-studente gedwing word om oor Boeddhisme of Hindoeïsme te leer. Bid dat meer jongmense Christelike onderwys sal opneem en Christen-onderwysers sal word om kinders in hul eie geloof te onderrig.

17 | PALESTINA Baie van ons broers en susters in Palestina het hul inkomste verloor weens die pandemie en sukkel daaglik om kos op die tafel te sit. Hulle is ook soms in die nood vir medisyne en gesondheidsorg. Bid dat God sal intree vir hulle, asook vir krag in hierdie tyd.

18 | LIBIË Gelowiges vanuit Afrika wat in Libië werk en bly, soms reeds vir dekades, word mishandel in elke faset van die lewe. Bid vir hulle vir krag terwyl hulle werk om hul families te versorg, asook vir volharding om vir Christus te lewe te midde van uitdagings.

19 | KOEWEIT Die Christelike teenwoordigheid in Koeweit is meestal buitelandse werkers. Vir hulle is dit moontlik om in kerke byeen te kom. Bid dat dit nie net buitelanders sal wees wat Jesus aanbid nie, maar dat God dit vir die Kerk sal moontlik maak om sy wortels diep in Koeweit te versprei.

20 | KAMEROEN Bid vir die Here se genade oor gemeenskappe in Kameroen wat aanhoudende geweld deur Boko Haram ervaar, met talle verliese en ontwrigtings. Bid dat die bykomende komplikasies van die pandemie nie verdere druk op die regering se vermoë sal sit om sy mense te beskerm nie.

21 | MOSAMBIEK Christene in die noorde van Mosambiek ervaar aanhoudende geweld deur ekstremiste. Bid vir die Here se genade oor Christene in areas wat geaffekteer word, en dat hulle vrede sal ervaar te midde van die storms.

22 | TUNISIË Verskeie gelowiges is weens hul Christelike geloof uit hul huise verjaag. Bid dat God aan hulle sal voorsien, waar hulle deur hul geliefdes verwerp word, en ook om hulle te versterk in hul geloof.

23 | SIRIË Daar is steeds baie konflik tussen Christelike denominasies oor kleinighede. Bid dat die leiers van alle denominasies die belangrikheid van eenheid sal insien en sal saamstaan om mekaar regdeur die land te ondersteun.

24 | IRAN Verskeie Christene het uit die land gevlug weens vervolging. Hulle woon nou in 'n land waar hulle toenemende teenkanting ervaar. Hulle voel moedeloos.



IRAN vervolg

Bid dat die regering van hul nuwe land geraak sal word om hul pleidooi te erken.

25 | JEMEN Baie van ons broers en susters het h vernuwing van krag nodig na vyf jaar van oorlog. Bid vir bonatuurlike genade en krag om hulle voortdurend te help om h getuienis van Jesus te wees onder hul families en vriende.

26 | ETHIOPIË Hakim* en Faiza* het hul lewens vir Christus gegee nadat hulle hul seun Salim kerk toe gevat het vir gebed omdat hy ernstig siek was. Dokters kon basies van geboorte af geen kuur vir hom kry nie. Bid vir hul geestelike groei en dat hulle deur dissipelskap diep gewortel sal word in hul geloof.

27 | LIBANON Bid dat mense h Saggeus-ervaring sal hê, dat Jesus hul huise sal besoek, dat hulle hul lewens aan Christus sal toewy en die Evangelie met hul naastes sal begin deel.

28 | IRAK Oor die afgelope jare, gedurende oorloë, geweld en uiterste ellende, was daar Irakese wat na die Here gedraai het. Prys God hiervoor! Bid dat die Liggaam van Christus sal aanhou groei in dié land, sodat daar jare van nou af weer h sterk Christelike teenwoordigheid sal wees.

29 | SAOEDI-ARABIË God antwoord jare se gebede vir Saoedi-Arabië namate daar bemoedigende groei in die

SAOEDI-ARABIË vervolg

ondergrondse Kerk plaasvind. Loof die Here dat Hy in die harte werk van diegene wat soekend is na die waarheid. Bid vir wysheid vir leiers wat hulself oor hierdie gelowiges ontferm.

30 | INDIË Plaaslike vennote van Geopende Deure hoop om meer volhoubare lewensbestaan-programme vir langtermyn doeleindes te begin vir gelowiges wat finansiële swaarkry. Bid vir wysheid en kreatiwiteit terwyl ons vennote probeer uitwerk watter programme die beste sal werk.

31 | VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD Bid dat terwyl vervolging teen Christene aanhoudend toeneem, die Here hulle sal versterk om h skynende lig vir Hom te wees ondanks vervolging. Bid ook dat Hy hulle sal toerus vir dit wat hulle hierdie jaar dalk in die gesig mag staar.



*Name verander en verteenwoordige foto's gebruik vir sekuriteitsredes.
Alle inligting is korrek op die datum van publikasie.

Vervolg  Maar nooit alleen.



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

www.opendoors.org.za
Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org